

„TWEË OREN OM TE HOREN...“

deur
PETER BLUM
Londen

IV.

DIE GELUIDLOSE BRUILOF TE DELFT. Nou ja, ek is gek na alles wat oud en mooi is, of oud en snaaks, en toe moes ek ook Delft besoek - weens die grachte, die graf van Willem die Swyger (waarskynlik slegs volgens buitenlandse maatstawwe swygsaam), die moordtoneel (met bloedkol?), twee ou kerke, die uitgestrekte Markt, en enige spore van die ontplofde skilder Carel Fabritius (met bloedkol?).

Laat ek erken dat ek teleurgesteld was. Die gragte is neerdrukkend reguit, in warm weer onwelriekend (maar kan op olfaktoriese gebied nie kers vashou by Brugge nie), en die stapruimte aan weerskante nog smaller gemaak deur twee rye bome en twee rye autotjies, om van restaurants met vensters vol sigaarrokende, uitstarende, stadig verorberende Hollanders (wat sigaaras op Persiese tapyte in plaas van tafeldoeke laat val) nie te praat nie. O deftige, deugsame, onbeminlike volk! julle het my 'n nuwe neurose geleer: die GRACHTOPHOBIA !

By beide kerke (wat natuurlik slegs Sondae vir dienste benodig word) moet jy ingang betaal, nes in 'n bioskoop, en agter die deur van elkeen is daar 'n kassahokkie waar 'n omie kaartjies verkoop, nes in 'n bioskoop. Hierby 'n nuttige wenk vir toeriste: by die Oude Kerk is die amptlike ingang en hokkie aan die suidekant, maar as die wesdeur (onder die toring) toevallig oop is (soos dit daardie dag was) kan u daar instap en betaling ontduik. My tweede indruk was nie 'n teleurstelling nie maar 'n skok: in die water van de Oude Langendijk (suid van die Markt) drywe daar twee dooie hase (of is dit konyne?) stadig ooswaarts na die Provinciaalkanaal toe: dis 'n frisse westewind wat hul aandryf, en hul sal seker die paal haal.

Die Nuwe Kerk aan die oosende van die Markt skok ook: van die gehele witkalking van mure en pilare (soos op die beroemde skildery van Houckgeest in die Mauritzhuis in Den Haag) is daar niks te sien nie, ewemin van die houte wapenskilde en vlae wat 'n warm stippeling van rooi oor die skildery saai: wat nie plafon of vloer is nie is kaalgeskraapte rooi baksteen sonder bepaalde skoonheid van vorm, tekstuur, of kleur - noem dit maar kaalheid-om-die-kaalheid, soos by die nuwerwetse baaikostuummodes. In die noordweshoek van die langsskip is daar 'n moderne kerk vir ca. 200 ingetimmer en lyk soos... so verleë, so inkongru, soos... 'n muisnes in 'n pluiskiel. Voor in die koor hurk die marmertombe rondom die lêbeeld van

die Swyger. As hy kon praat sou hy seker uitvaar oor die lelikheid van dit alles, oor die klein gebaar in die weidse ruimte, oor die agteruitgang in die land se skoonheidsbehoefte, oor die leefwyse wat hom tevrede gee met autotjies, sigare, misbruikte Persiese tapyte, dooie hase, en kaal baksteen tot 'n hoogte van 109 meter (in die toring). As die toneel my verder nie besiel nie, dan lei dit kalk wel tot 'n billiker oordeel oor „die” Calvinisme wat so graag deur Suidafrikaanse estete verantwoordelik gehou word vir die verminkte skoonheidsgevoel van „die” Afrikaner. Die Hervorming kon daardie skoonheidsgevoel blykbaar nie doodkry nie - was dit dan ook maar net omdat die plastiese kuns so 'n groot nywerheid was, met so veel talent en geld daarin belê, dat dit ook na 1567 en selfs na 1609 onmisbaar was. Ek wil dit selfs so kras formuleer: waar die kuns óók 'n nywerheid is, en dus 'n eersteklas ekonomiese bate, sal dit alle „ideologiese” veranderings oorlewe en hom aanpas; waar dit ekonomies van geringe belang is kan die kuns maklik verdwyn, soms vir eeue. Hierdie stelling kan verklaar hoekom die skoonheidsgevoel in Italië en Vlaandere sedert die Middel-eeue nooit verdwyn het nie, al het dit sy insinkings geken; hoekom dit in Holland vreeslik sukses om weer orent te kom; en hoekom dit in Engeland na 1540 feitlik verdwyn het, met uitsondering van kort tydperke van nuwe bloei (veral ca. 1760-1830), en eers vandag weer (en dan eintlik net in die beeldhoukuns) opstaan - aarselend, soos 'n sieke.

Maar in die hedendaagse Holland is die kunsgevoel flou, hoor! sê maar een teebelaar in vier liter kookwater. Kaalheid-óm-die-kaalheid waar jy gaan of staan - die nugterheid van 'n lewenslange geheelonthouer, maar een wat aan bloedarmoede ly - die strakheid van 'n geraamte. Piet Mondriaan se soektog na die gepuurde kwintessensie van linoleumpatrone - is dit vir enige beskouer meer as 'n kuriosum? Maar soos my vriend uit die kweekskool sê, „Dit mag ongoddelik goddeloos wees - maar dis goddank nie pornografies nie”! Goed, vriend, as jy tevrede is met so 'n negatiewe deug - prosit!

Na hierdie ompad bevind ek my weer by die kaartjiesonkel in die Nuwe Kerk. „Zijn er nog sporen van de Grote Explosie van het Kruithuis te zien?” vra ek.

„Jawel!” sê hy, „Het Kruitmagazijn was eigenlijk eenvoudig het Noorderdwarschip. Als u de Noordmuur ervan wilt bekijken zult u zien: het is ingedeukt - zo sterk was de ploffkracht. Maar niet dralen, hoor! ik wil ook nog voor lunch naar huis, wat eten. We zijn allemaal mensen, hé?”

„Ja - nee, dat is niet altemit niet!” probeer ek my aanpas, „Het vlees is zwak en zoekt zijn genieting,” terwyl ek moraliserend my kop skud, „En Carel Fabritius?”

„Ach ja, het arme kunstenaar! Hij is erbij in de slag gebleven.”

Ek staan en staar na die genoemde Noordmuur. Die deuk is indrukwekkend: die bakstene moet feitlik plasties wees om die plofkrag te weerstaan het. Agter my ratel die opsigter sy bos sleutels.

„En de bloedvlek?” vra ek, en besef onmiddellik dat dit 'n onmenslike vraag is, omdat sy kop lunsj-toe staan) en 'n onnosele. Net in geval ek dit nie self besef nie, onderstreep hy dit vir my.

„Maar meneer! dat is toch niet logisch! Als er ooit zo'n vlek was hebben wij haar toch tesamen met het pleister verwijderd! Het zou te griezelig geweest zijn - en bij ons gaat de Hu-gie-ee-nee over alles, weet u!”

„Zeer prijzenswaardig!” grinnik ek verleë, „En u hebt gelijk: het is werkelijk tijd voor 't lunchen.”

Buite in die Oude Langendijk drywe nog steeds die twee dooie hase, saam met lappe, lemoenskilte, en ander weggooisel, naamlose afval op die water. Maar die wind het gedraai:

nou drywe hul suidweswaarts in die rigting van die Wijnhaven. Mag hul dit bereik en eindelijk die see haal!

□

Maar wat van die geluidlose bruilof? hoor ek julle ongeduldig vra. Pacienza, mense! Onthou: ék is op vakansie hier en wil dus my senuwees ontsien. Aan die noordekant van die plein bestudeer ek die spyskaarte van 'n hele ry half-deftige restaurante, en besluit dat hul slegter waarde gee as die Chinese aan die suidekant. 'n Slanke meisie stap rond met 'n Baedeker: beide slankheid en Baedeker dui op Duitsheid. Ek spreek haar op Duits aan en word ook in daardie taal beantwoord: sy beveel my 'n boekwinkel aan (om Baedekers te koop) en beaam my konklusie in sake Chinese en „echt Oud-Hollandse“ eetplekke; ons besluit om saam Chinees te eet, en sy volhard in die wens om vir haarself te betaal. Dit pas my, want ek wil die arme kind geen verpligtings opleë nie. Sy is nog jonk en kan iets beters kry as 'n droë stokvis met 'n snor en bril.

Een winkel verkoop klompe, wat by 'n werkbank agterin gekerf en geskilder word - so gélerig met blommetjies op. „Dis vir my so raar,“ sê Notti (kort vir Notburga): sy kom uit München), „Dat dié mitologielose, materialistiese en modernistiese mense nog klompe dra.“

„Dit is 'n uiterlike simbool van selfstandigheid,“ orakel ek, soos 'n mens in Duitse geselskap maar moet, „Hulle is net uiterlik modern, en materialisties slegs in twee opsigte: hul werklike staatsleuse is nie JE MAINTIENDRAI nie, maar NEGOTIUM ET MULTIPLICATIO.“

„Handel en voortplanting!“ lag sy, „Is u 'n Latynonderwyser dat u so vlot voortborduur op wat Cicero beslis nie gesê het nie?“ Verdomde Duitsers! hulle wil ook alles weet van 'n mens, selfs jou nering!

„Geensins,“ antwoord ek ontwykend maar geestig, „Ek is nog so taalvas omdat ek maar onlangs my skoolloopbaan voltooi het. Ek is geestelik vertraag, weet u, en moes tot in die dertig agter die lessenaar bly. Dit kom nie uit Cicero nie, maar uit Virgilius se Aeneis - die Dertiende Boek.“ Maar hierdie is literalistiese volksstamme wat net onveilig voel as hulle kennelik valse inligting kry. Notti frons en stuur de gesprek terug na die faktuele.

„Maar u het gelyk, meneer: handel en voortplanting is die vernaamste tekens van lewe onder hulle. Hulle is eintlik 'n les vir hul bure.“

„'n Bitter les inderdaad. Kies u dié beperkte leefwyse vir uself?“

„Nee! sou ek my so maklik deur u laat optel het as dit so was? Ons is tog nog 'n bietjie avontuurlik. Tenspyte daarvan dat ons eintlik weinig sukses gehad het met ons avonture.“ 'n Wolk kruis haar gelaat: sy sug oor een of ander sanderige landgoedjie vol steltvoëls in Oos-Pruise, na eeue nou weer Pools. Ek is maar bly dat die Duitse obsessies nie myne is nie, en dat ek darem 'n bietjie geleer het om my gevoelens weg te steek.

„Weet u,“ gaan sy voort, „My tantes kom almal in Holland vakansie hou. Die Hollanders adverteer hulself in Duitsland onder die leuse „Ferien in Europas guter Stube“, en dit maak 'n geweldige indruk op hulle. My tantes, bedoel ek.“

„Ek weet - en vir tantes is dit inderdaad die ideale land. Mag ek hoop dat u tantes bejaard is?“

„Een van hulle dra 'n snor, en 'n ander een brei graag. Zandvoort is hulle ideal.“

„Ek het dit geraai! Maar watter vermetelheid: vakansies in Europa se deftige kamer, sowaar!

asof die res sommer agterbuurte is!" Vir een minuut klop ons harte vreemd saam, want vir Duitsers (soos vir Pole, Finne, en Boelgare, nie vir u of my nie) is die wêreld 'n uitgestrekte tranedal waar nasionaliteite mekaar beledig. In humorige verontwaardiging oor die unieke fatsoenlikheid van Holland vergeet ek Ou Rotterdam en die besetting.

„Ja, hulle is wonderlik aktief. Weet u: in Engeland, waar ek my oudag slyt, omdat kroniese bronchitis 'n mindere euwel is dan politiek, het hul in Londen 'n groot kafee ingerig waar meisies in kammakastige volksdrag bedien - met kappies soos nagmusse, blou voorskote, en plastiese vlegsels - net om hul suiwelprodukte te adverteer."

„Ingevoerde Hollandse meisies?"

„Nee, natuurlik nie: arme Griekies en Iertjies - hulle is nog nie te deftig vir bediening nie. Maar weet u hoe adverteer hul hul botter? Hulle skryf daaroor in groot letters - BUTTER AT ITS BUTTERMOST! Kan dit sotliker? Botter op sy botterigste! Volgens dié resepe sou 'n mens ou kouse vir kos kan verkoop met 'n foto van 'n begeesterde eter en die spreuk YUM-YUM! THIS IS REAL PURE OLD STOCKING! Maar die Britte sluk dit - die suiwelprodukt, bedoel ek."

„U is 'n komediant, meneer!"

„Ongelukkig net as stokperdjie."

„Steckenpferd?? o, dis wat ons in Hoogduits „hobby" noem. Maar om ernstig te wees: as hulle so aangaan sal die Rynskeepvaart binne enkele jare nie niet to Düsseldorf oorwegend Hollands wees, maar tot by Basel. En langs Ryn en Ruhr sal die mense nie meer Schmidt of Schultz heet nie - "

„Of Czerwinski en Maciejowski soos in die mynstedes nie - "

„Maar Van der Vlerk en Van der Plas."

„Daar is vreesliker noodlotte in die wêreld, Notti. En julle hoef jul nie te bekommer nie: Nederlanders is wonderlik aanpassingsvaardig en sal hul taal en ander snaaksighede spoedig verloor."

Hierdie sin was bedoel as ouverture tot 'n klaagopera oor verengelsing in Suid-Afrika en verfransing in Vlaandere, maar die res het verval toe ons albei opmerk dat voor die gehurkte raadhuise met sy lelike pilaartjies en vuildonker klip (egte Renaissance van 1600) 'n skare aan die vorm was. „Opmerk" beteken ons het gesien, nie gehoor nie, want daar het nog steeds die volkomenste stilte geheers, slegs onderbreek deur die sagte skuring van plaveibakstene teen houtklompe, waarvan etlike pare nou sonder haas of gierigheid aangeslof gekom het. Op die formele trap van die raadhuise (kon Delft destyds niks beters bekostig nie?) verskyn twee amptenare, een met 'n kleurige sjerp skuins om sy lyf: iets is binne voorberei. En siedaar! kan jy glo? links om die hoek kom daar 'n koets uit die Jaar Toet (lig op sy wiele, nie lank voor die koms, of altans die uitbreiding, van die spoorweë nie - 1840 miskien?) - 'n toe koets, nie 'n oop ene nie, met net een deur per kant en een venster per deur, en van voor tot agter nuutgeskilder: swart, blinkswart, onderkant die venster, die hele bobou kanariegeel!

Ek gryp my skone begeleidster aan haar (aangenaam vlesige) boarm, in haar oë en myne geregerdig deur ons albei se aandoening, en roep hees, „Kyk net hoe oneindig pittoresk! Sien jy die drywer op die voorbank met sy wit broek en knalrooi baadjie?"

„Die vent met die swart stewels er op? Hy lyk mos skoon soos 'n Engelse jagmeester! Is dit styleg, dink jy?"

„Sonder twyfel! Dié garnituur het maar later tipies van jagmeesters geword." Gerusgestel oor die stylegheid dans Notti op en neer op een plek soos 'n kind.

„O kyk! hy gaan 'n melodie blaas op die horing!" maar hierin is ons teleurgestel: die

koetsier het wel die sonblik horing aan sy lippe gebring, maar die klank het uitgebly. Ons het maar die perde met ons oë opgesuig: kastaiingbruin met stert en ruie maanhaar van 'n kleur wat ek slegs blond kan noem: 'n heeltemaal ander ras as die kaneelpienke in Vlaandere.

Toe die bruid op 'n kaskade van tul uit die koets gespoel word, kom ons eers agter dat uitdrukkinglose gesigte berispelend op ons gevestig is: en inderdaad het die enigste klanke tot dus ver uit ons twee kele gekom. „Waansinnig skilderagtig“ (in Notti se breedspakige idioom) soos dit alles is - daar is geen teken dat iemand behalwe ons twee die grote okkasie geniet nie. Die bruidspaar staan waardig en glimloos terwyl hul gekiek word (wat minder styleg is) en die Delftenaars, geskoei in bokskalf of in beblomde hout, kyk maar stil en waardig na die bruidspaar wat die trap op verdwyn, en na die koetsier wat nou aan sy perde se tuie vroetel - vir al wat ons weet kan die kyk ook berispelend wees. Ons waag nie meer om te praat nie, maar as verlossing uit die „tower“ tintel daar skielik die metaaltravestie van 'n banale gesang uit die beiaardkamer van die Nuwe Kerk se toring neer, uit 'n hoogte van 100 meter, bo 'n yl wolkie wat die toring op 'n andersins helder middag omring: dis twaalfuur.

□

Die Chinees bedien 'n stewige porsie rys, en die konsumering daarvan verhinder Notti en my van verdere geesdriftige gedrag. Ek knipoog vir haar en wonder net stilweg by myselfers of hierdie onkreukbare volksstam ook kreun wanneer die skoot vir sy negende kind kom: maar miskien is dit, fisiologies gesproke, in die strengste sin... onnodig en te ekspressief?

Met leë mond haal ek skielik uit my geheue aan:

„Et sur ces mouvantes merveilles
Planait (terrible nouveauté!
Tout pour l'œil, rien pour les oreilles!)
Un silence d'éternité!“

„Wat wil u daarmee sê?“ vra my optel-juffrou.

„Net dit: Gezelle is my geliefde oom, maar Baudelaire is my koning!“

Maar hiermee het ek haar begrip ooreis.

(Slot volg.)